Hoe om ’n skattejag te hou

Gebruik foto’s om ’n maklike skattejag te hou. Hierdie is ’n vinnige metode en altyd ’n wenner!

? Stappe

1. Neem foto’s van verskillende plekke. ’n Skoolterrein is ’n ideale plek.
2. Plaas die foto’s in ’n dokument.
3. Nommer die foto’s.
4. Gaan vooraf na elke punt toe en plaas ’n boodskap of leidraad by die punt. Moenie dit te ooglopend maak nie. Plaas byvoorbeeld die leidraad agter ’n pot. Persone wat nie by die skattejag betrokke is nie, kan die leidrade dalk verwyder indien dit te ooglopend is.
5. Besluit self wat die doel van die skattejag is.

   Jy kan dalk 10 woorde wat elkeen ’n Voortrekkerkode verteenwoordig as leidrade by die punte plaas. Hulle moet dan die woorde met die korrekte kode assosieer (Bladsy 3).

   Sny die PD-belofte in stukke. By elke punt ontvang hulle woorde wat deel is van die Belofte. Hulle moet dan die woorde in die korrekte volgorde plaas.

   Jy kan Voortrekkerwapens uitsny en by elke punt plaas. Die kinders moet dan net die wapens versamel. Daar is dan geen raaisel om op te los nie (Bladsy 4).

6. Jy kan byvoorbeeld by die laaste punt ’n verassing hê soos om by die Wimpy roomys te bestel. Reël vooraf met die Wimpy om binne elke roomyse die leidrade / woorde te sit. Lamineer net die woorde / leidrade vooraf.
7. Bou die legkaart of beantwoord die vrae.

☺ Wenke

1. Jy kan die foto’s / leidrade meer of minder maak. Dit hoef nie noodwendig 10 te wees nie.
2. Vra elke kind om R10 saam te bring indien die laaste punt roomys by die Wimpy is.

☠ Waarskuwings

1. Sê vooraf vir die kinders dat hulle bymekaar moet bly en beurte moet maak om leiding te neem. Baie keer sal een of twee kinders vinnig vooruit hardloop en elke keer eerste die leidrade versamel.

SKATTEJAG



1

2

3

4

5

6


7

8

9

10

SKATTEJAG

Voortrekkerkode

1.	‘n Voortrekker glo in die Drie-enige God en dien Hom.
2.	’n Voortrekker lei ’n Christelike lewe.
3.	’n Voortrekker aanvaar gesag.
4.	’n Voortrekker hou die taal en kultuur van die Afrikanervolk in ere.
5.	’n Voortrekker leer uit die geskiedenis van sy volk en bou die toekoms daarop.
6.	’n Voortrekker waardeer en bewaar sy omgewing.
7.	’n Voortrekker is ’n goeie landsburger.
8.	’n Voortrekker neem leiding.
9.	’n Voortrekker is oplettend en weerbaar.
10.	’n Voortrekker is diensvaardig.

Sny elke ry van die onderstaande tabel uit. Sit elke leidraad in ’n sakkie en plaas op elke punt van die skattejag. Aan die einde van die skattejag moet hulle elke beskrywing met ’n kode assosieer. Jy moet die leidrade in enige volgorde op die skattejag plaas.

Antwoorde 1 D, 2 H, 3 E, 4 J, 5 F. 6 C, 7 G, 8 A, 9 I, 10 B

D. Dit beteken God is die middelpunt, die Koning in jou lewe.
H. Die Bybel is die riglyn vir elke Voortrekker.
E. ’n Voortrekker het eerbied vir gesag en luister na ouers en ander.
J. Afrikaans is vir ons kosbaar.
F. Ons kyk vorentoe maar leer uit die geskiedenis.
C. Ons moet die omgewing bewaar tot voordeel van die mens.
G. Ons is trots op ons land en lojaal.
A. Voortrekkers is natuurlike leiers.
I. Oplettend is die vermoë om dinge rondom jou raak te sien.
B. Jy moet bereid wees om jou hand uit te steek en jou naaste te help.

HOU
KOERS

HOU
KOERS

HOU
KOERS

HOU
KOERS

HOU
KOERS

HOU
KOERS

HOU
KOERS

HOU
KOERS

HOU
KOERS

HOU
KOERS

HOU
KOERS

HOU
KOERS